


KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 35 14 Maart 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

REDAKSIONEEL “Omdat hulle kan”

Die val van die Berlynse muur in 1990 en die ontbondeling van die USSR in Desember 1991 het vir baie mense die val van Kommunisme en die einde van die Koue oorlog ingelei. Daar is genoeg bewyse dat die Koue oorlog steeds aan die gang is in streke soos Korea en die Krim (Crimea) gebied van die Oekraïne. Kommunisme is nog lank nie dood nie; die reuse steun wat daar steeds vir die kommuniste party in die RSA is, is bewys daarvan.

Die stryd rondom die Krim Skiereiland en die besetting van die gebied, het opnuut gelei tot internasionale spanning. Die aard van die spanning tussen supermoonthede het nie verander nie. Ideologieë het verander en tog lyk dit asof die magsblokke se geaardheid nie met die tye verander het nie. In een van die nuutste verwickelinge rondom die Krim het die EU en die VSA aangekondig dat hulle nie die referendum wat vir Sondag 16 Maart beplan word as wettig gaan erken nie.

Waarom gaan die referendum nie as wettig aanvaar word nie?

- Omdat 80% van die bevolking (volgens een bron) gaan stem vir inlywing by Rusland?

- Omdat daar sprake is van bendes wat mense intimideer?
- Omdat Russiese druk en inmenging vermoed word? Die antwoord is dat dit onwettig gaan wees omdat die VSA en die EU so sê. Omdat dit hulle pas. Omdat hulle kan.

Afrika state se verkiesingsgeskiedenis is vol resultate wat vooraf duidelik blyk. Afrika ken bendes en groepe wat intimideer, ken die inmenging van buite (en binne). Tog word die verkiesings op hierdie kontinent erken. Omdat dit die EU en RSA en VN pas. Swak, beïnvloedbare regerings maak dit maklik om 'n kontinent se hulpbronne te plunder. Hoe raak dit ons?

Die doen van iets “**omdat jy kan en omdat dit jou pas**”, is nie beperk tot politiek en die internasionale arena nie. Die bullebak vat wat hy wil **omdat hy kan** en maak en breek na hartelus **omdat dit hom pas**. Hiervan is daar talle voorbeelde uit ons onlangse NHKA verlede. Die Notule van die 70e AKV bevat 'n hele paar voorbeelde van onkerkordelike, buffelagtige optrede, “**omdat hulle kan en omdat dit hulle pas**”. Die publikasie van die **notule** van die **70e AKV** ondersteun bostaande stelling en het tot vele navrae gelei. Die volgende e-pos navraag oor bovermelde notule dien as voorbeeld:

“Die volgende Ordemosie, voorgestel deur oudl P Erasmus en gesecondeer deur dr GJ Malan, word aanvaar: Die volgende persone mag nie deel vorm van die vergadering nie omdat hulle met hulle optrede gewys het dat hulle nie meer lidmate van die NHKA wil wees nie: Almal wat die Staat van Belydenis teen die NHKA onderteken het of ondersteun, soos die steeds Hervormers en die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, en diegene wat op die pad van afskeiding is met die stig van verenigings.”

Maar tog bepaal die Hervormde Kerk se Kerkorde (2011) 3.8.1.(i) & (ii) dat die AKV *“bestaan uit diensdoende PREDIKANTE in gemeentes, PREDIKANTE met 'n besondere opdrag, beroepafwagende PREDIKANTE en teologiese dosente, een ouderling afgevaardig deur elke Kerkraad.”* Nou bepaal die Agenda van die 2013 (2.5.9.2.(i)) AKV dat *“Ordemosies word volgens die diskresie van die voorsitter hanteer”*.

Het die voorsitter wat die ordemosie aanvaar het nie teen die Kerkorde 3.8.1 (i) opgetree nie?

Koersvas se antwoord: Onomwonde “Ja”. Die AKV is nie by magte om die geloofsbriewe van gemeentes, wat behoorlik gestuur en **in orde bevind is**, aan 'n volgende stel reëls te onderwerp nie. Om dit te kan doen, sou die Kerkorde verander moes word. Die Voorsitter se diskresie strek nie so ver dat hy **teen die Kerkorde** en **teen die gebruike van die Kerk** kan ingaan nie. Tog is hierdie vergryp deur die mosievoorstellers, die Voorsitter **en** die vergadering genotuleer. En dit alles **omdat hulle kan**. Dit pas hulle om van hul gewete ontslae te raak. 'n Afknouer sien homself as verhewe bo reëls en wette. Die NHKA notuleer sy eie vergrype teen sy eie reëls. “Omdat dit hulle pas en omdat hulle kan”, **so glo hulle**.

NUUSBROKKIES

Beroepenuus: Prop. Louis Alberts is na Koster beroep. Hy het die beroep aanvaar en word eersdaags in die gemeente georden. Baie geluk en ons bid God's seën oor u.

Inbetalings: Dankie vir die positiewe reaksie, maar nie alle inbetalings kan al verdiskonteer word nie. Ons versoek weer: Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geoomerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur na tomcases@lantic.net.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
Rekeningnommer: **6243 092 3088**
Takkode: **250 655**

Regsrekening

Ooreenkomstig die onderneming wat aan almal gegee is om eerlik en openlik te wees ten opsigte van die regskostes en die regsfonds wat in die lewe geroep is, die volgende inligting:

- Die Regsfonds is in die lewe geroep om te kan betaal vir die hofgeding wat nou onafwendbaar blyk te wees, die KommAKV stel volgens hulle regspan nie in mediasie belang nie. (Inligting beskikbaar)
- Gemeentes word versoek om 7% van offergawes aan die regsfonds oor te betaal. Indien ons span die saak met koste wen, is die onderneming dat die gelde aan gemeentes terugbetaal kan word.
- Die Bondsvergadering sal finaal oor die bedrag en persentasie besluit en daarom word gemeentes versoek om

vir vier maande die oorbetaling te maak.

- Gemeentes en individue het reeds positief reageer op die versoek.
- Die regsfonds staan reeds op R65 000 (2% van ons teikenbedrag!). Nog 'n lang pad om te gaan, maar daar is reeds ook beloftes van amper dieselfde bedrag wat eersdaags oorbetaal sal word.
- Daar is verskeie individue en instansies wat geld beskikbaar gaan stel en verskeie gemeentes wat fondsinsamelingsprojekte geloods het.

KENNISGEWINGS

- **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: *“Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.”*

In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in Vraag en Antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook 'n vasstaande kennis van die Woord is. Met dit in gedagte word u aangemoedig om in u gemeente en selfs in ringsverband aandag te skenk aan die Bybelvasvrae. Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek: Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes) Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

- **Jeugbediening:**

Studente en werkende jongmense van Onafhanklike gemeentes wat die huis verlaat het en elders woonagtig is: Ons wil graag ons kinders, jongmense en werkende jeug wat buite ons

gemeentegrense moet gaan werk en studeer ook steeds getrou bedien. Stuur asseblief vir ons die name, telefoonnommers, e-posadresse en inligting van waar u kinders woon en kerk bywoon na: zyvetto@gmail.com.

Lewensbrood: Daar het 'n dubbelbestelling plaasgevind. 17 Eksemplare is nog beskikbaar. Sms Yvette met besonderhede @ 072 223 7522

- **Drukwerk:**

Na aanleiding van 'n versoek deur verskeie nuwe gemeentes verskaf ons die volgende inligting met betrekking tot drukwerk. Geen gemeente staan onder die verpligting om hierdie drukker te gebruik nie, maar ons kan u verseker dat u dit nie maklik beter en goedkoper gedoen gaan kry nie. Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

Vir aandag: **Kerkrade en Gemeentes,**

Hiermee word u versoek om die datum van die **Bondsvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes** vir 2014 op u gemeentelike kalender te teken. Die besonderhede is as volg:

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: 8 tot 10 Junie 2014.

Verdere inligting sal met verloop van tyd gefinaliseer en gekommunikeer word.

Vir aandag:

Alle komitees en voorsitters van komitee's

Alle Kerkrade van Onafhanklike Gemeentes

Soos u reeds weet vind die Bondsvergadering van die Geloofsbond plaas op 8; 9 en 10 Junie 2014 te Gemeente Theresapark. Met dit in gedagte is die volgende sake van uiterste belang:

1. Alle voltooide werksopdragte en verslae van komitee's moet asseblief die skriba teen 18 April 2014 bereik.

2. Op 16 Mei 2014 om 10:00 te Gemeente Meyerspark vergader alle voorsitters van die onderskeie komitee's met die oog op die finalisering van die Agenda vir die Bondsvergadering.

3. Alle Kerkrade wat beskrywingspunte vir die Bondsvergadering wil indien, moet dit doen voor of op 18 April 2014.

Die sukses van enige vergadering hang af van deeglike voorbereiding. U word daarom vriendelik versoek om stiptelik by bogenoemde reëlins te hou.

GOLFDAG

*Aangebied deur die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Krugersdorp*

Waar:	Krugersdorp Gholflub (Nightingale Crescent, Rant en Dal, Krugersdorp)
Wanneer:	20 Maart 2014 (Eerste afsleën 10:30 en prysuitdeling 18:30)
Inskrywingsfooi:	R 1500 per Vierbal (Sluit 2 etes per speler is)
Borge:	Indien u 'n putjie wil borg, kan u 'n putjie borg teen R 1500 en u baniere aanbring by die putjie, of R 2000 en u produkte ook uitstal.
Kontak:	Ds Dirk van Rooyen 082 495 3121 of davr@vodamail.co.za
Kompetisie:	American Scramble (Reëlsword op die dag deurgegee)
Bankbesonderhede:	Rek naam: Gemeenskap van Gelowiges Krugersdorp
	Bank: Nedbank - Key West
	Rekeningnummer: 1066127840
	Takkode: 198841
	Verwysing: Naam en van (stuur bewys van betaling aan davr@vodamail.co.za)



VIA DOLOROSA

PAASOPVOERING en BUIEPIEKNIEK
Premiermyn Hervormde Kerk - Cullinan
Vrydagaand 11 APRIL 2014 Tyd 19:00

Paasboks R35-00 per persoon

Lasagne
Pita met hoender gevul
Spekrolletjies
Slaai
Nagereg-verrassing

R20-00 ingang per persoon
R10-00 laerskoolkinders
Bring kussing om op te sit

Bespreek by:
Alta per sms 082 682 1252
Babie 082 608 3523

Bestel asb vooraf om teleurstelling te voorkom



Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by 018 381 1494.

5



**GROOTVLEI
PLOTOPSKOP**

Vrydag aand:
11 April 18:00
Mandjie dans
R20 P/P R50 P/Cooler

Saterdag:
12 April 09:00
Boeremark

SAT GRATIS INANG!

Stalletjies, Musiek, Biertuin,
Veiling, Fietstrap,
Watersports, Boeresports....

Potjie kompetisie

Geborg deur: Les Marais Spar **SPAR** 

Fantastiese pryse!

Moenie die kans misloop nie!

KONTAK: 082 838 6303/082 821 5424
grootvlei1@gmail.com

GPS: S25° 30'01.3" E28° 15'14.1"
Hoewe 242 Eland str Waterval Pyramid

Stuur u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.